ISBN 978-1-4315-0286-8
9 781431 502868

Rainbow WORKBOOKS

LIFE SKILLS IN AFRIKAANS
GRADE 3 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0286-8
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
11th Edition


Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:

- Graad R (in al die 11 amptelike tale);
- Huistaal Graad 1 tot 6 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 4 tot 9 (In Afrikaans en Engels);
- Lewensvaardigheid Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Engels Eerste Addisionele Taal Graad 1 tot 6.

Hersien volgens die KABV




# Graad 3



# Lewensvaardigheid in AFRIKAANS

## Boek 2
## Kwartaal 3&4



Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



# Inhoud



**Kwartaal 3** Bladsy

33 Gevaarlike speelplekke ........ 2
34 Nog gevare ........ 4
35 Die veilige gebruik van taxi's en treine ........ 6
Tekens wat ons waarsku teen gevaar ........ 7
36 Besoedeling: Wat is dit? ........ 8
37 Verskillende soorte besoedeling ........ 10
38 Gevolge van besoedeling ........ 12
Meer oor besoedeling ........ 13
39 Hoe mense lank gelede geleef het.... 14
40 Hoe mense lank gelede geleef het.... 16
41 Was dit lekker om lank gelede kind te wees? ........ 18
42 Gereedskap en instrumente ........ 20
43 Meer oor hoe dinge in die verlede gedoen is ........ 22
44 Betaling ........ 24
45 Die aarde vanuit die ruimte gesien.... 26
Die planete en die res van die sonnestsel ........ 27
46 Die sterre ........ 28
Teleskope ........ 29
47 Ruimtereise ........ 30
Satelliete ........ 31
48 Spesiale dae ........ 32

**Kwartaal 4** Bladsy

49 Plante – wat ons van hulle kry ........ 34
50 Plante – van suikerriet tot suiker ........ 36
51 Die aarde – wat ons van die aarde kry ........ 38
52 Die aarde – van klei tot baksteen ........ 40
53 Rampe en wat ons moet doen: oorstromings ........ 42
54 Brand ........ 44
55 Weerlig ........ 46
56 Storms en sterk winde ........ 48
57 Aardbewings ........ 50
58 Diere wat ons help ........ 52
59 Diere by wie ons kos kry: bye ........ 54
60 Diere by wie ons kos kry: hoenders ........ 56
61 Diere by wie ons kos en klere kry: beeste ........ 58
62 Diere by wie ons kos en klere kry: skape ........ 60
63 Diere wat vir ons werk: honde ........ 62
64 Diere wat vir ons werk: donkies ........ 64











Mev. Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.*

*Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys wat daarop gemik is om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie, en is deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie moontlik gemaak. Aldus is die Departement in staat gestel om die boeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind, en dat dit u sal help om seker te maak dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die werkboeke is voorsien van ikone wat aandui wat die leerders te doen staan.*

*Ons hoop ook dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle gaan geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.*


Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa



© Department of Basic Education



Eleventh edition 2021

ISBN 978-1-4315-0286-8



The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

Gr3 AFR LS B2_Cover.indd 2 2020/07/30 08:52:25

# Graad 3





## Lewensvaardigheid in AFRIKAANS Boek 2



Hierdie boek behoort aan:

# 33 Gevaarlike speelplekke

Ons lees

Ons voel welkom in veilige plekke soos ons klaskamer. Dit is plekke wat ons voel ons altyd weer kan besoek. Dit is plekke waar niemand ons sal seermaak nie.

'n Plek wat veilig is vir die publiek, is 'n plek waar almal veilig voel. Dit is 'n plek waar niemand seergemaak sal word nie.

"Openbare veiligheid" beteken dat almal die reg het om veilig te wees in plekke wat oop is vir die publiek, soos treine, taxi's en strande.

Ons praat Kyk na die prente en praat met jou maat daaroor.

Praat oor waarom dit gevaarlik is om te speel op plekke wat nie veilig is nie.









Datum: ..............................

**Ons skryf** Die kind wat regs in elke prent is, moet 'n besluit neem. Help hom deur sy praatborrels in te vul.




____________________________

____________________________

____________________________




____________________________

____________________________

____________________________

**Ons praat** Praat in die klas oor hierdie vrae:

- Watter gevaarlike items kan op 'n vullishoop rondlê?
- Waarom hou die kinders daarvan om in die ruïnes van die ou huis te speel?
- Wie se lewens word in gevaar gestel wanneer kinders op 'n besige pad speel?
- Watter tekens waarsku ons om nie op 'n spoorlyn te speel nie?
- Waarom is vloeistowwe soos paraffien gevaarlik?

**Ons skryf** Kies een van die prente op bladsy 2 en beantwoord dan hierdie vrae daaroor.

- Wat sê hierdie prent vir ons?

____________________________________________

- Hoe weet jy dat dit onveilig is om hier te speel?

____________________________________________

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# Nog gevare

Ons skryf

Kyk na die prente. Kies dan een van hierdie onderskrifte om onder elke prent te skryf:

Die paraffien kan in die man se hand in vlamme uitbars.
Die kind kan doodgaan as hy gif inkry.
Die kinders kan versmoor. (Hulle kan doodgaan omdat hulle nie asem kry nie.)
Die elektrisiteit kan die kind skok.
Moet nooit elektrisiteit naby aan water gebruik nie.
Kookwater en stoom kan 'n kind verbrand.




Onderskrif: ______________________________

______________________________



Onderskrif: ______________________________

______________________________



Onderskrif: ______________________________

______________________________



Onderskrif: ______________________________

______________________________




Onderskrif: ______________________________

______________________________



Onderskrif: ______________________________

______________________________

Datum:..............................

## Ons doen

Teken 'n prent van hoe jy en jou maats veilig in die park speel. Waar en hoe sou julle speel? Dink byvoorbeeld aan hoe jy op 'n swaai sou speel. Gebruik eers 'n kokipen of 'n potlood om jou tekening te skets. Kleur dit dan met pastelverf of kryt in.

## Ons beweeg



### Opwarming

Beweeg verskillende dele van jou lyf gelyktydig. Rol byvoorbeeld jou polse en heupe of jou skouers en enkels.

### Hoofaktiwiteit: Balansering

- Loop 2 meter vorentoe op jou hakke en dan agteruit op jou tone.
- Kruip op jou hande en knieë.
- Balanseerloop op 'n tou, eers vorentoe en dan agtertoe.
  Julle juffrou sal julle leer hoe om 'n handstand en 'n kopstand uit te voer.

### Afkoeling


Strek jou ledemate stadig. Indien moontlik doen dit op die maat van rustige, kalmerende musiek.



# 35 Die veilige gebruik van taxi's en treine

Ons doen

Nommer die prentjies oor Vusi se ongeluk om die regte volgorde te wys.











Ons praat

Kyk weer na die prente van Vusi se ongeluk en gesels met jou maat daaroor.

- Wie se skuld was dit dat die ongeluk gebeur het?
- Wat kon Vusi en sy ma gedoen het?

Ons praat

Kyk na die volgende prentjies en gesels met jou maat daaroor.

Ons skryf

Skryf 'n byskrif vir elke prent om te sê wat die passasiers nie behoort te doen nie.





Datum:............................

# Tekens wat ons waarsku teen gevaar


**Ons lees**

Pad- en spoorwegtekens is daar vir ons veiligheid. Party tekens help om ons te beskerm en waarsku ons teen gevaar. Sulke tekens het altyd 'n driehoekvorm en 'n rooi rand. Ander tekens sê vir ons hoe ons in die verkeer moet optree, of gee vir ons inligting.



**Ons doen** Dit kan gevaarlik wees om items uit 'n bewegende trein te gooi, omdat mense en diere buite die trein beseer kan word. Ontwerp jou eie plakkaat om te sê dat treinpassasiers nie goed by vensters moet uitgooi nie.

**Ons doen** Kyk na hierdie prente. Knip die tekens hieronder uit en plak hulle oor die regte prente.



Wys vir jou onderwyser wanneer jy klaar is.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

# 36 Besoedeling: Wat is dit?

Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Is daar enigiets in die prent wat jy al tevore gesien het? Watter dinge in die prent lyk vir jou sleg of verkeerd? Waarom lyk dit verkeerd?



Ons lees

## Wat is besoedeling?



Die besoedeling wat ons veroorsaak is sleg vir mense, diere en plante. Ons word siek en dinge hou op met groei en kan doodgaan. Daarby maak besoedeling ons omgewing baie lelik.

Besoedeling gebeur wanneer ons ons aarde bemors. Wanneer ons die lug, water en grond op aarde vuil maak, besoedel ons dit. Wind, water, reën en die son kan die aarde help om weer skoon te kom. Maar wanneer daar te veel besoedeling is, kan die aarde homself nie meer skoonmaak nie.

Datum: ..............................




**Ons doen** Werk in groepe van vyf.

Jul onderwyser sal vir elke groep 'n onderwerp gee om te ondersoek. Vier lede van elke span sal op die skoolgrond na voorbeelde van besoedeling soek. Jul onderwyser sal vir julle 'n lys gee en die vyfde lid van die span moet 'n regmerkie (✓) op die lys maak by elke item wat die span kry.

Nadat julle jul opdrag voltooi het, sal jul onderwyser 'n opsomming van jul bevindinge maak. Hoe gesond is jul skoolgrond?

**Ons skryf** Skryf 5 soorte afval neer wat julle op die skoolgrond gekry het.

| | |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |
| 4. | |
| 5. | |



Maak 'n regmerkie (✓) langs items op hierdie lys wat gehersirkuleer kan word.
Maak 'n kruisie (✗) langs items op die lys wat skadelik vir diere kan wees.

**Ons praat** Vorm groepe van 7.

Julle gaan verskillende rolle speel: aarde, water, grond, lug, 'n plant, 'n dier en 'n mens. Die eerste ses rolspelers moet vir die mens vertel wat besoedeling aan julle doen. Dan moet die mens elkeen van julle antwoord. Saam moet julle besluit hoe die probleme opgelos kan word.
As julle van jul rolspel hou, kan julle dit vir die hele klas opvoer.

Ons beweeg
- Spring 10 keer op albei voete vanuit 'n staanposisie
- Voer gevorderde bewegings uit met 'n springtou bv. oorkruis, dubbelswaaie, ens.



# Verskillende soorte besoedeling

Ons lees

## Lugbesoedeling



Motorvoertuie, nywerhede en huisvure is die hoofbronne van lugbesoedeling in Kaapstad.

Wanneer ons die lug besoedel, vergiftig ons dit. Ons besoedel die lug deur te veel steenkool, brandstof, gas en hout te verbrand. Die rook wat hierdie dinge veroorsaak, bevat baie ongesonde gasse, wat almal deur die lug opgeneem word. Die lug word ook deur te veel stof, sand en stuifmeel besoedel. En as ons te veel bome vernietig, benadeel ons die lug.

Bome help om giftige gasse uit die lug te haal en om gesonde suurstof in die lug terug te sit. As ons te veel bome afkap, bly die giftige gasse in die lug en word minder suurstof in die lug vrygelaat. Ons moet vars lug inasem om gesond te bly. Wanneer ons besoedelde lug inasem, kry ons keel- en longsiektes. Op party plekke in die wêreld moet mense maskers dra wanneer hulle buitentoe gaan, omdat die lug te erg besoedel is om ingeasem te word.



Lugbesoedeling vernietig ook die osoonlaag wat die lewe op aarde teen die gevaarlike strale van die son beskerm. Fabrieke gee te veel suur aan die lug af, wat suurreën veroorsaak. Suurreën maak plante dood en beskadig geboue.

Datum: ..............................

## Grondbesoedeling

Grondbesoedeling kom voor wanneer ons grond met chemikalieë vergiftig. Grondbesoedeling word ook deur die afval van fabrieke en myne veroorsaak. Die afval van ons huise, skole, hospitale en kantore word in enorme gate in die grond begrawe. Hierdie afval besoedel die grond. Grondbesoedeling kan ons water vergiftig, wat dan ook die kos wat ons en die ander diere eet, vergiftig.









## Waterbesoedeling

Waterbesoedeling vergiftig ondergrondse water asook die water in riviere, mere en damme. Dit gebeur wanneer fabrieke vuil water in 'n skoon rivier inpomp. Dit gebeur ook wanneer rioolwater van toilette in 'n meer inlek. Besoedelde water kan mense baie siek maak en kan visse en ander diere doodmaak. Plante wat naby aan die water groei, kan ook doodgaan.

## Geraasbesoedeling

Geraasbesoedeling word veroorsaak deur swaarvoertuie soos vragmotors, die getoeter van motors en taxi's, fabrieksmasjinerie, harde musiek, en die toerusting wat op boupersele en vir die bou van paaie gebruik word. Te veel geraasbesoedeling kan 'n mens doof maak.









Ons beweeg.
- Voltooi die hindernisbaan wat julle onderwyser vir julle uitgepak het.



# 38 Gevolge van besoedeling


**Ons praat** Kyk na hierdie prent en gesels met jou maat daaroor.





**Ons skryf** Besluit wat hierdie mense en diere oor besoedeling sou sê.

"Besoedeling is sleg vir my. Ek …"











**Ons beweeg**



Speel met 'n hoepel

Maak beurte met jou maat om oor die hoepel te loop, eers op jou voete en dan op jou hande. Hou die hoepel dan regop terwyl jou maat daardeur kruip. Maak beurte om dit te doen. Hou die hoepel ook skuins om dit moeiliker te maak om daardeur te kruip.

Datum: ..............................


# Meer oor besoedeling




Vroeër het julle na besoedeling op jul skoolgrond gekyk. As julle die vullis en afval nog nie opgetel het nie, doen dit nou. Jul onderwyser sal vir julle sakke en plastiekhandskoene gee om jul hande te beskerm.

Ontwerp 'n plakkaat om mense aan te moedig om te hersirkuleer om omgewingsbesoedeling te verhoed. Voorsien jou plakkaat van 'n randpatroon en pas die ontwerpbeginsels toe wat jou juffrou jou geleer het. Praat met jou maat oor die volgende ontwerpbeginsels van jou plakkaat:

- kontras
- verhouding
- klem
- balans





# 39 Hoe mense lank gelede geleef het

## Ons praat

Die dinge wat ons doen en hoe ons dit doen, verander met verloop van tyd. Kyk na hierdie prente.





Gesels met jou maat oor wat verander het. Dink aan die soort werk wat die mense in die prent hierbo gedoen het en waar hulle gewerk het. Hoe ver dink jy het hulle van hul huise af gewerk? Watter kos dink jy het hulle geëet? Hoe het hulle by die werk gekom?

Kyk nou na die prent links en beantwoord dieselfde vrae. Het die masjinerie en toerusting wat mense gebruik, verander? Indien wel, hoe?

## Ons lees

Die mense van lank gelede het naby aan die dinge wat hulle nodig gehad het, soos kos en water, gewoon. Vandag het ons dieselfde dinge nodig, maar danksy die tegnologie kan ons makliker tot kos, water en elektrisiteit toegang kry.





Datum: ............................

Ons skryf

Jy kan hierdie tydlyn gebruik om meer te leer oor hoe mense lank gelede geleef het. Skryf jou naam en die datum waarop jy gebore is op die tydlyn.



15 000 miljoen jaar gelede:
Die aarde is gevorm.



2,5 miljoen jaar gelede:
Die eerste wesens wat soos mense begin lyk het



100 000 jaar gelede:
Die eerste mense



40 000 jaar gelede:
Die San

2015 jaar gelede:
Die begin van die Huidige Tydperk



Mapungubwe in Limpopo word ontwikkel.




1652
Die Europeërs arriveer in Suid-Afrika.




1814
Die eerste stoomtrein



1876
Die moderne telefoon word uitgevind.



1879
Elektriese lig word uitgevind.



1885
Die eerste moderne motor



1895
Die eerste radio

1903
Die eerste vliegtuig





1969
Die eerste man op die maan



1973
Die eerste selfoon




1975
Die persoonlike rekenaar verskyn.



1994
Nelson Mandela word ons eerste president.

20___
Jou verjaarsdag



# 40 Hoe mense lank gelede geleef het

Ons skryf

Vul nou die name en geboortedatums van jou ouers en grootouers in hierdie familieboom in.

Jou onderwyser sal jou vra om met ouer familielede te praat of ouer lede van jou gemeenskap sal genooi word om julle klas te besoek. Watter vrae sal jy graag vir hulle oor hulle lewens wil uitvra?

Oupa se naam: ____________________

Geboortedatum: ________________

Pa se naam: ____________________

Geboortedatum: ________________

Ouma se naam: ____________________

Geboortedatum: ________________

Oupa se naam: ____________________

Geboortedatum: ________________

Ma se naam: ____________________

Geboortedatum: ________________

Ouma se naam: ____________________

Geboortedatum: ________________

My naam: ____________________

Geboortedatum: ________________

Vra vir jou ouers 5 vrae oor jou voorouers. Gebruik die volgende woorde: wanneer, waar, wat, waarom en hoe.

Datum: ..............................

## Ons lees

Leerders van 'n skool in die Karoodorp Graaff-Reinet het meneer Maart genooi om met hulle te kom gesels. Hier is sy verhaal.

Indien jul onderwyser nie iemand na die klas toe kan nooi nie, kan julle meneer Johannes Maart se verhaal gebruik.





Ek is op 7 Julie 1922 op die plaas Gannaslaagte gebore. My pa was 'n arbeider op die plaas, en my ma het in die plaashuis gewerk. Elke Vrydag het ons van die boer vleis gekry wat ons oor die naweek gaargemaak het, omdat ons dit nie koud kon hou nie. Daarom het ons meesal in die week nie vleis geëet nie. 'n Paar keer het ons genoeg vleis gehad om biltong te maak, veral wanneer die boer 'n koedoe of springbok geskiet het.




Ons het meesal mielies, mieliemeel of gedroogde bone geëet, wat ons umngqusho genoem het. My pa het dikwels 'n bietjie growwe broodmeel van die meule in Jansenville gekry. Met groot geduld het my ma in 'n swaar ysterpot buite op die kole brood gebak, omdat ons nie 'n stoof gehad het nie. Soms het sy my gunsteling gemaak: roosterkoek. Ons het dit saam met turksvystroop geëet. Ons lekkers was stukkies boomgom van doringbome.






Ons beweeg.

- Julle juffrou sal julle leer hoe om 'n veilige vooroorrol, agteroorrol, handsprong en wawiel uit te voer.



# Was dit lekker om lank gelede kind te wees?



**Ons skryf** Kyk na elke item en sê of dit in die verlede of in die hede hoort. Skryf "Hede" (vir nou) of "Verlede" (vir lank gelede) onder elke prentjie. Kies dan die prentjie wat jy dink die interessantste ding uit die verlede uitbeeld en kleur die "Verlede"-blokkie onder die item in. Gebruik jou gunstelingkleur.






| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |






| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |



**Ons doen** Maak 'n fotoraam.

> **Onderwysersnota**
> Daar is baie maniere waarop ons waardevolle dinge uit die verlede kan bewaar. Een manier is om ou foto's te raam.

Jy het nodig:

- Twee velle gekleurde karton
- Dik waterverf in verskillende kleure
- Verskillende gehersirkuleerde materiale om patrone mee te maak, byvoorbeeld 'n leë garingtolletjie, 'n kurk, 'n veertjie en verskillende botteldoppies.





1. Knip 'n vierkant of reghoek in die karton om die raam te maak.
2. Verf die onderkant van die voorwerp wat jy wil gebruik om jou patroon te maak.
3. Versier jou raam deur die geverfde kant van jou voorwerp op die karton te druk.
4. Wanneer die raam droog is, voeg 'n prent van jou gesin by en gee dit vir jou ouma of jou oupa as 'n geskenk.

Datum: ..............................



Ons lees

**Meneer Maart het die skool 'n tweede keer besoek. Hy het sy verhaal voortgesit.**



Ons het nie baie mense te siene gekry nie. My pa en ma het baie hard en lang ure gewerk. Sondae het ons mense op ander plase besoek. Soms het ons per ossewa daarheen gery. Ons het daarvan gehou, want dan kon ons met ons maats speel.

Ons het met beentjies, klei, saadpeule en klippies by die groot dam of in die rivier gespeel. My suster en haar maats het daarvan gehou om kleipoppe te maak.



Ek het my eerste paar skoene op die ouderdom van 12 gekry. My pa het hulle uit koeivel gemaak. Dit was wonderlik om nie meer dorings uit my voete hoef te trek of in die winter ysige tone te hê nie.





Ons praat

**Gesels oor of julle dink kinders in die verlede goed geleef het.**

Was dit in die verlede beter om 'n kind te wees as wat dit vandag is? Sê waarom. Dink aan die werktuie en toerusting wat ons vandag het, wat dit vir ons moontlik maak om dinge vinniger en beter te doen.

Ons beweeg

Oefen die volgende op jou eie of saam met 'n maat:

- Handstand
- Kopstand
- Vooroorrol en agteroorrol
- Bollemakiesie





# Gereedskap en instrumente

Ons doen


Kyk na die prentjies van toerusting wat lank gelede gebruik is.
Teken of plak prente van werktuie wat ons vandag gebruik in die kolom regs.




Ons praat




'n Huis van ongeveer 300 jaar gelede




'n Huis van ongeveer 200 jaar gelede




'n Huis van ongeveer 150 jaar gelede




'n Moderne huis

Hoe het die huise met verloop van tyd verander?
Waarom het hulle verander?
Watter materiale is gebruik om hierdie huise te bou?
Watter dinge sal jy in huis D kry wat nie in huis A was nie?


Datum: ..............................

## Ons doen

Jy het geleer hoe huise met verloop van tyd verander en ontwikkel het. In Suid-Afrika word sommige huise pragtig versier, soos die huise van die Ndebele-mense. Hul kleurvolle, kunstige muurversierings het al beroemd geword. Verbeel jou jy is 'n lid van die Ndebele-stam en dat dit jou taak is om die mure van jou familiehuis te versier.

**Jy het nodig:**

- gekleurde papier
- 'n wit koevert
- 'n skêr
- kryte
- gom



1. Knip 'n deur en vensters in jou koevert, soos in die voorbeeld.
2. Vou die flap oop om die dak te vorm.
3. Gebruik nou verskillende patrone, vorms en lyne asook helder kleure om jou koeverthuis te versier.
4. Vra jou onderwyser om te verduidelik waarom dit belangrik is om geometriese vorms en patrone te gebruik.
5. Plak jou huis op die vel gekleurde papier.
6. Gebruik prente uit tydskrifte om die agtergrond te versier.



## Ons beweeg

- Verbeel jou dat jy hout saag om 'n huis te bou. Stoot en trek eers met jou regterarm en dan met jou linkerarem.
- Staan langs jou maat. Haak jou regterarm by jou maat se linkerarm in. Maak of julle 'n swaar sak mielies optel deur na links oor te leun. Leun dan weer na die ander kant oor.
- Maak asof jy 'n boom is. Lig een arm bo jou kop op. Bal jou vuis en maak asof dit 'n stukkie boomgom aan die boomstam is. Jou maat moet probeer om die gom van die boomstam af te trek terwyl jy dit probeer vashou.
- Ry fiets. Lê op jou rug oorkant jou maat. Buig jou knieë en druk jou voete teen jou maat se voete. Begin die fiets met julle bene te trap.



# 43 Meer oor hoe dinge in die verlede gedoen is

## Ons lees

Dit was meneer Maart se derde besoek.

Hy het sy verhaal voortgesit.


Die werkswinkel op die plaas het 'n oond gehad waar arbeiders gereedskap en implemente gemaak en herstel het. Ons het ook hoefysters van yster gemaak, of vellings vir wiele.



Toe ek omtrent 10 jaar oud was, is ons deur 'n vreeslike droogte getref. Ons het nie genoeg kos gehad om te eet nie. Ons was baie bly toe die reën weer gekom het.

## Ons doen


Maak 'n outydse lantern.




**Jy het nodig:**

- 'n Vierkantige stuk wit papier
- Waterverf in verskillende kleure.
- 'n Verfkwas
- 'n Liniaal, potlood en skêr
- Gom

1. Versier jou stuk papier met verskillende vorms en kleure.
2. Vou dit in die helfte.
3. Trek strepe ongeveer 3 cm uitmekaar op die papier.
4. Knip op die lyne, maar nie tot by die rande nie.
5. Vou die papier oop en plak die twee rande van die papier op mekaar vas.
6. Gebruik 'n strokie papier om 'n handvatsel vir die lantern te maak.



Datum: ...............................

Ons praat

Kyk na hierdie prent van die lewe op 'n plaas ongeveer 200 jaar gelede. Gesels met jou maat oor die dinge wat vir jou interessant is. Kyk byvoorbeeld na die klere, die werktuie en implemente, en die vervoermiddels. Vertel dan vir jou onderwyser en vir die klas wat julle bespreek het.

Ons skryf

Kies die ligbron wat by die regte prent pas. Skryf ook die naam van elke ligbron onder elk van die prente hieronder. Kies uit hierdie woorde:


gloeilamp | fakkel | kers | koplamp

1 


2 

3 

4 









Onderwyser:
Teken:
Datum:

# Betaling

**Ons skryf**

Hoe het mense in die verlede betaal vir die dinge wat hulle wou hê? Gebruik elke keer een van die woorde om die verhaal van geld hieronder te voltooi. Ons het die eerste letter van elke woord gegee om jou te help.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| betaal | tabak | kos | silver | krale |
| muntstukke | goud | ruilhandel | diervelle | note |

Baie jare gelede het die mense nie m ______________ en note gebruik om vir dinge te b ______________ nie. In daardie dae het hulle van r ______________ gebruik gemaak. Dit beteken hulle het dinge onder mekaar geruil. Indien mense byvoorbeeld baie t ______________ gehad het, maar nie genoeg k ______________ om te eet nie, moes hulle iemand soek wat kos vir tabak wou ruil. Dinge soos k ______________, sout, d ______________, beeste en tabak is geruil. Met verloop van tyd het mense stukke g __________ en s __________ begin gebruik om vir goedere te betaal. Later is stukke metaal gebruik om m ______________ te maak. Vandag gebruik ons n ________ en m ______________ of kredietkaarte om vir goedere te betaal.






**Ons beweeg**



- Sit hoepels op die grond of trek kringe in die sand.
- Wanneer jou onderwyser die teken gee, spring met albei voete in die sirkel in.
- Wanneer jou onderwyser weer die teken gee, spring op een voet uit die sirkel uit.
- Speel 'n hopspeletjie, gebruik 'n stuk kryt om sirkels en vierkante op die grond te trek.

Datum:..............................




Dit is hoe meneer Maart sy verhaal by sy laaste besoek afgesluit het.

Noudat ek afgetree het en stil hier op Graaff-Reinet woon, kan ek terugdink aan 'n harde, maar goeie lewe. Ek vergeet van die moeilike tye.


Die meeste dinge op die plaas het verander – daar is Eskom-elektrisiteit, almal het 'n selfoon en die ou opstal is herbou en lyk nou soos 'n dorpshuis.


Maar baie dinge is ook nog dieselfde. Die skape lyk en klink dieselfde en elke aand dra 'n arbeider nog 'n kannetjie vars melk van die melkskuur na die kombuis toe. Jakkalse vang nog die skape.






Hou 'n klasbespreking oor dinge wat julle dink sedert jul geboorte verander het.
Gesels nou oor dinge wat julle dink oor baie jare heen dieselfde bly.





45

# Die aarde vanuit die ruimte gesien

Ons lees

Die aarde is die groot bal of sfeer waarop ons almal woon. Ons noem alles om die aarde die ruimte of die heelal.

Dit is maar net die afgelope 50 jaar dat ons vanuit die ruimte na die aarde kan kyk.

Kyk na die foto van die aarde regs. Jy kan grond, see en wolke sien. Gesels met jou maat oor watter dele van die foto die land is, watter dele die see is en watter dele die wolke is.



Die pragtige gesig van die aarde, ons tuiste, van baie ver in die ruimte af gesien

Ons doen

Trek op die kaart die buitelyne na van die dele wat jy ook op die foto kan sien. Gebruik kryte van verskillende kleure vir die verskillende dele.




Skryf die name van die dele neer.

Ons lees

Daar is 'n laag lug rondom die aarde. Ons noem dit die atmosfeer. Kan jy dit op die foto sien?

Datum: ............................

# Die planete en die res van die sonnestelsel



Ons lees

Die aarde se atmosfeer is 'n laag van omtrent 120 km wat om die aarde strek. As 'n mens meer as 120 km van die aarde af reis, kom jy in die buitenste ruim. Dit is waar ons die aarde se bure kry: die ander planete en die sterre.



Ons praat


**In die buitenste ruim is daar geen dag nie - net nag. Gesels met jou maat oor waarom dit die geval is.**



Ons lees


Ons naaste bure is almal in ons sonnestelsel:

Die son: 'n Baie, baie warm bal wat uit gasse bestaan. Naby aan sy middelpunt is die son so intens warm dat gasse "saamsmelt". Dit is hierdie "smelting" wat ons op aarde van lig, hitte en energie voorsien. Die son is 'n ster en dit vorm die middelpunt van ons sonnestelsel.




Die son

Planete: Daar is agt planete en dit sluit die aarde in.




Planete

Die maan: 'n Koue, dooie bal rots en stof wat om die aarde wentel. Dit is vier keer kleiner as die aarde.



Die maan

Meteore: Dit is groot stukke rots wat deur die ruimte beweeg totdat hulle ons atmosfeer tref en uitbrand. Hulle word baie warm en begin smelt en lyk dan soos gloeiende strepe in die naglug. Ons noem hulle "verskietende sterre". As hulle die aardoppervlak tref voordat hulle heeltemal uitgebrand het, noem ons hulle "meteoriete".



Meteore

Komete is stukke ys en gas wat in groot wentelbane deur die sonnestelsel reis. Hulle kom dikwels tot naby aan die son.



Komete

Onderwyser:

Teken:

Datum:

# Die sterre

Ons skryf

Ons het baie interessante bure in die sonnestelsel. Jy weet klaar 'n bietjie van hierdie bure. Watter een is vir jou die interessantste? Skryf jou keuse hieronder neer. Gee twee redes vir jou keuse.

My keuse: ______________________________

My twee redes: ______________________________

______________________________

______________________________

Ons lees

Wanneer ons by die dwergplanete verbyreis, verlaat ons die sonnestelsel. Nou is ons in die diep buitenste ruim. Hier tref ons die volgende aan:

Die sterre: Intens warme gasballe soos die son, maar baie, baie ver van ons af. Daar is biljoene der biljoene sterre – ons sal hulle nooit almal kan tel nie. Hulle het verskillende groottes, en ons son het 'n middelmatige grootte.



Ons noem ons sonnestelsel en die buitenste ruim die heelal. Die heelal is alles wat bestaan, en ons weet maar nog baie min daaromtrent. Dink jy daar is ander plekke soos ons aarde in die heelal, waar daar lewe is?

Ons doen
- Skryf in groepverband 'n repeterende, ritmiese lied wat oor die sterre handel.
- Werk 'n sterdans vir julle lied uit. Maak van lyfslagwerk gebruik.
- Voer julle lied en dans vir die res van die klas op.

Ons speel
- Julle juffrou sal julle klas in 2 groepe verdeel. Speel minisokker.




# Teleskope

Datum: ..............................




Doen hierdie aktiwiteit by die huis op 'n aand wanneer daar geen wolke is nie. Gebruik hierdie kaart van die sterre en probeer om die groepe sterre op te spoor. Maak 'n regmerkie (✓) op die kaart onder al die sterre wat jy sien.







Mense wat die heelal bestudeer, word sterrekundiges of astronome genoem. Die KAT-7radioteleskoop naby Carnarvon word reeds sedert einde 2011 deur verskeie spanne navorsers ingespan om radiogolwe op te vang wat deur voorwerpe miljoene ligjare ver uitgestraal word.



Die maan soos deur 'n teleskoop gesien

Vandag het ons selfs teleskope ver in die ruimte wat vir ons prente kan stuur van afgeleë dele van die heelal wat ons nie van die aarde af kan sien nie. 'n Voorbeeld is die Hubble-teleskoop, wat vir ons pragtige prente uit die ruimte stuur. Suid-Afrika het sy eie groot teleskoop naby Sutherland in die Noord-Kaap gebou.



# Ruimtereise



**Ons lees** Hierdie mense was almal pioniers van die ruimte.



Die Rus, Yuri Gagarin, was die eerste persoon wat in 'n ruimtetuig om die aarde gewentel het (op 12 April 1961).



Neil Armstrong van die VSA was die eerste persoon wat op die oppervlak van die maan geloop het (op 20 Julie 1969).



Mark Shuttleworth was die eerste Suid-Afrikaner wat om die aarde gewentel het (April 2002).



Christa McAuliffe was die eerste onderwyser wat 'n ruimtevaarder geword het, maar sy is tragies dood toe die pendeltuig, Challenger, ontplof het (28 Januarie 1986).

Het jy geweet? Die eerste swart Suid-Afrikaner wat die buitenste ruimte gaan besoek, Mandla Maseko van Soshanguve in Gauteng, gaan die reis in 2015 op die Lynx Mark II-pendeltuig onderneem.



**Ons praat**

**Praat met jou maat oor watter planeet jy graag sou wil besoek.**

Hoe sou jy die planeet bereik?


Wie en wat sou jy met jou saamneem?

Hoe lank sou jy die planeet wil besoek?



Datum: ..............................


# Satelliete



## Ons lees



Het jy geweet dat die maan om die aarde wentel? 'n Voorwerp wat om iets anders wentel, word 'n satelliet genoem; daarom is die maan 'n satelliet van die aarde. 'n Satelliet se pad word sy wentelbaan genoem. Daar is baie mensgemaakte satelliete wat deur mense in wentelbane om die aarde geplaas is. Die eerste mensgemaakte satelliet is in 1957 in die ruimte geplaas. Die Hubble-teleskoop is een van hierdie satelliete. Die Universiteit van Stellenbosch het Suid-Afrika se eerste satelliet, SunSat, ontwikkel. Dit is in Februarie 1999 gelanseer. Daar is baie verskillende soorte satelliete. Sommige van hulle samel inligting oor die ruimte in, sommige is weersatelliete, en ander is kommunikasiesatelliete wat prente en inligting van een wêrelddeel na 'n ander stuur. 'n Groot satelliet is die Internasionale Ruimtestasie, waar baie wetenskaplike eksperimente en waarnemings gedoen word.



## Ons praat

**Praat met jou maat oor watter planeet jy graag sal wil besoek. Agterna kan julle jul gedagtes met die klas deel.**


- Baie voertuie het satellietopsporingstelsels om te keer dat hulle gesteel word. Hoe werk hierdie stelsels?
- Watter inligting dink jy kry boere van satelliete?
- Waarvoor gebruik wetenskaplikes satelliete?





Ons doen
- Julle onderwyser sal vir julle gedigte gee wat by die tema pas. Elke groep kies 'n gedig en dra dit vir die klas voor.

Ons beweeg
- Julle juffrou sal julle leer hoe om vlugbal en kat en muis te speel.



# Spesiale dae



Ons lees

Party van hierdie godsdienstige vakansiedae val elke jaar op ander datums. Vind uit wanneer hulle vanjaar gaan plaasvind en skryf die datums in die spasies wat voorsien is.

**Onderwysersnota:** Hierdie godsdienstige en spesiale dae val in die derde kwartaal. Gebruik drie uur gedurende die kwartaal om oor hierdie dae te praat. Wat julle as 'n klas doen, sal afhang van die religieuse en kulturele samestelling van die leerders in die klas, en van die skoolbeleid. Die openbare vakansiedae behoort deur alle Suid-Afrikaners eerbiedig te word.

**21 Julie** (indien die nuwe maan verskyn het): Dit word beskou as die begin van die maand van Ramadaan – 'n Islamitiese godsdiensfees. Ramadaan is 'n tydperk waartydens mense vas, spesiale gebede sê en die Koran lees.
Datum: ____________

**19 Augustus** (indien die nuwe maan verskyn het): Eid-ul-Fitr is 'n Islamitiese godsdiensfees. Dit is 'n vreugdevolle maar ernstige viering van die einde van die maandlange vas van Ramadaan. Dit is 'n dag waarop mense lofgebede sê, omsien na die armes en vriende en familie besoek.
Datum: ____________

**Julie of Augustus:** Raksja Bandhan is 'n Hindoefees. Hindoes vier die verhouding tussen broers en susters. 'n Suster bind 'n rakhi ('n heilige bandjie) om haar broer se pols. Dit simboliseer haar liefde en gebede vir hom asook sy lewenslange belofte om haar te beskerm.
Datum: ____________



**Augustus of September:** Krisjna Janmashthami is 'n Hindoe-godsdiensfees. Die geboorte van Krisjna Janmashthami word gevier deur te vas. Krisjna is die kernfiguur van die Hindoeïsme. Op hierdie dag beeld kinders gewoonlik tonele uit Krisjna se lewe uit.
Datum: ____________



**September:** Pitr Paksja is nog 'n Hindoe-godsdiensfees. Hindoes vereer hul voorouers ("pitrs"), veral deur middel van voedseloffers. Datum: ____________



Datum: ..............................



**Julie of Augustus:** Tisja B'av is 'n Judaïese religieuse dag. Jode vas om die verwoesting van die Eerste en Tweede Tempel in Jerusalem te betreur, en om ander Joodse tragedies wat op hierdie dag plaasgevind het, te herdenk. Die dag word die "hartseerste dag in die Joodse geskiedenis" genoem.
Datum: ____________

**September:** Roosj Hasjana is die Joodse Nuwejaar. Die "sjofar" (ramshoring) word geblaas om die dag te vier. Kossoorte soos appels gedoop in heuning word geniet met die verwagting dat die nuwe jaar 'n soet een sal wees. Datum: ____________

**September of Oktober:** Joom Kippoer word tien dae na Roosj Hasjana gevier. Dit is die heiligste van al die Joodse dae. Datum: ____________







**9 Augustus:** Nasionale Vrouedag – Openbare vakansiedag. Op 9 Augustus 1956 het 20 000 vroue by die Uniegebou in Pretoria geprotesteer teen die feit dat swartmense "pasboeke" moes hê. Die rol van vroue in die Suid-Afrikaanse samelewing word op hierdie dag gevier.

**1–7 September:** Nasionale Boomplantweek. Mense word aangemoedig om bome te plant.

**8 September:** Internasionale Geletterdheidsdag. Die belangrikheid van geletterdheid word uitgelig.

**24 September:** Erfenisdag – openbare vakansiedag. Alle Suid-Afrikaners mag hul eie kulture en dié van ander vier.



49

# Plante – wat ons van hulle kry

**Ons lees**

Die aarde is vol lewende dinge soos mense, diere en plante.







Plante het gewoonlik takke, blare, stingels en wortels. Hulle dra blomme, vrugte en sade. Die meeste blare is groen.

**Ons praat** Waar kom ons kos vandaan?

Kyk na die prente en gesels met jou maat daaroor.
Op die volgende bladsy is 'n lys kossoorte. Noem die kossoorte wat nie van die dinge in die prente afkomstig is nie.

> Jy het reeds geleer waar ons kos vandaan kom. Kyk wat jy kan onthou.



Datum: ..............................

## Ons lees

Plante gee vir ons baie kossoorte. Alle groente, vrugte en neute kom van plante af. Hulle help om ons gesond te hou, omdat hulle vitamiene, minerale, proteïen, koolhidrate, olie en vesel bevat. Selfs sjokolade kom van neute af.

## Ons skryf

Skryf 'n brief aan die persoon wat gewoonlik vir jou kos maak. Gebruik woorde uit die lys hieronder in jou brief:

mielemeel spek pampoen aartappel wortels grondboontjiebotter
brood koek blaarslaai beesvleis perskes appels waatlemoen

Liewe ______________________________

Dankie dat jy ______________________________

Ek hou van ______________________________

Ek hou nie van ______________________________

omdat ______________________________.

Sal jy asseblief vir my ______________________ maak.

Kossoorte van plante is gesond omdat ______________.

## Ons praat

Kyk na hierdie prente en gesels met jou maat oor die vorms wat plante kan hê.

1


2


3


4


Onderwyser:
Teken:
Datum:

# 50 Plante – van suikerriet tot suiker

Kwartaal 4 – Week 1–2

Ons lees

Suiker is een van die kossoorte wat ons nodig het om gesond te bly. Daar is verskillende soorte suiker. Ons kry suiker in vrugte. Selfs melk bevat suiker. Die agtergrondprent hieronder wys vir ons die suikerrietlande van KwaZulu-Natal.




Ons lees

Suikerriet is baie nuttig

Suikerriet is 'n hoë plant wat soos bamboes lyk. Dit groei in 'n tropiese klimaat. Suikerriet het baie sonlig en reën nodig. In Suid-Afrika is die provinsie KwaZulu-Natal ideaal geskik vir die verbouing van suikerriet.

Ons doen
- Praat oor die musiekinstrumente op die plakkaat wat julle onderwyser vir julle wys.
- Luister na die Suid-Afrikaanse musiek wat julle juffrou vir julle speel en bespreek die tempo, dinamika en ritme van die musiek.

Ons beweeg
- Voltooi die hindernisbaan wat julle juffrou vir julle opgestel het.
- Julle juffrou sal vir julle wys hoe om driebeenresies te hardloop.

Datum: ..............................

Kyk na die prent van suikerriet. Let op die volgende dele van die plant: die lang, goue stingel; die lang, smal blare; die stingellitte op die stingel; die bos wortels in die grond.



Suikerriet moet 14 tot 24 maande lank groei voordat dit geoes kan word. Die stingels bevat die suiker – 'n klewerige bruin stroop – wat glad nie soos die suiker in ons huise lyk nie!

**Ons skryf**

Nommer die prentjies in die korrekte volgorde om te wys hoe suikerriet gekweek en verwerk word.



Die landerye word met trekkers geploeg.



By die meule word die suikerriet saamgepers en die suikerstroop uitgedruk.
Die suiker word dan gewas en geraffineer, gereed om deur ons gebruik te word.



Suikerriet word geoes en in bondels saamgebind.

Besproeiing word gebruik om die suikerriet nat te lei.



Suikerrietlote word geplant.





Die suikerriet word na die meule geneem.



Die suikerriet kom by die meule aan.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# 51 Die aarde – wat ons van die aarde kry

## Ons lees



Verlede kwartaal het jy van die aarde geleer. Dit is die planeet waarop ons leef.

Die aarde gee ons alles wat ons nodig het om te lewe. Om die aarde is 'n lagie lug. Dit bevat die suurstof wat ons nodig het om te leef.

Die dun lagie van die aarde waarop ons leef en wat ons die "kors" noem, het bogrond waarin ons gewasse kan plant. Hierdie eerste laag grond bevat ook harde gesteentes. Uit hierdie laag kry ons minerale soos goud, diamante en petroleum, asook steenkool.

Die oseane kom ook in hierdie dun gesteentelaag voor. Uit die oseane kry ons voedsel soos vis. Die see is ook belangrik omdat baie skepe goedere en passasiers oor die water vervoer.



## Ons doen

Gebruik die inligting hierbo om 'n prent van die aarde te teken. Gebruik soveel media as wat jy kan – potlood, kryte, pastel, ink en verf. Probeer ook om ander materiale soos stukkies papier, knopies, skulpe, gedroogde blare en blomme te gebruik. Gebruik media wat jy nog nooit gebruik het nie, of gebruik materiale op nuwe maniere.

Datum: ..............................




Jy het geleer waar kos vandaan kom. Merk saam met jou maat watter van die volgende kossoorte direk van die grond afkomstig is: (□)

| | |
|---|---|
| appels | |
| spek | |
| kaas | |
| lemoene | |
| eiers | |
| skorsies | |
| amasi | |
| marog | |
| tjops | |
| perskes | |
| ertjies | |




Verbind elke woord met sy prent.

Wat sê die lys vir jou?

**Ons beweeg**

1. Gebruik skottels met water om die volgende aktiwiteite uit te voer:
   - Spat water oor jou gesig.
   - Hou jou gesig in die water en blaas borrels.
   - Hou jou gesig 3 sekondes lank in die water terwyl jy jou asem ophou.
2. Verbeel jou jy swem en voer die volgende aktiwiteite uit:
   - Lê op jou rug en skop jou bene.
   - Lê op jou maag en skop jou bene.
   - Staan regop en swaai jou arms asof jy borsslag swem.
   - Staan regop en swaai jou arms asof jy rugslag swem.




Skryf 'n paragraaf aan die aarde om hom te bedank vir alles wat hy vir ons gee. Voeg een sin by waarin jy belowe om die aarde te help versorg.

Liewe Aarde, dankie vir die ______________________________

______________________________________________________


______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

Ek belowe dat ek ______________________________________





# Die aarde – van klei tot baksteen

## Ons lees

Die aarde het baie verskillende soorte grond. Klei is een van hulle. Duisende jare al gebruik mense klei om bakstene te maak om mee te bou.



## Ons doen

Teken iets wat met bakstene gebou kan word en voorsien jou tekening van 'n opskrif.

## Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae.



Waarom is bakstene nie almal dieselfde kleur nie?

________________________________

________________________________

Word bakstene net van klei gemaak?

____________________________________________


______________________________________________________________

Datum: ............................

**Ons skryf** Kyk na hierdie prente en gesels met jou maat oor wat in elkeen gebeur.



Die klei word uitgegrawe.



'n Masjien word gebruik om die kleimengsel in stroke te sny.



Klei word fyngemaal en met water gemeng.



'n Ander masjien word gebruik om die stroke in blokke te sny.




Die gedroogde stukke klei word in 'n steenoond gebak.



Wanneer die bakstene uit die steenoond gehaal word, word hulle gesorteer.



Die bakstene word in hope opmekaar gestapel en is gereed om verkoop te word.

Nommer hierdie sinne in die korrekte volgorde om te wys hoe bakstene gemaak word.

| | |
|---|---|
| | Wanneer die bakstene uit die steenoond gehaal word, word hulle gesorteer. |
| | Klei word fyngemaal en met water gemeng. |
| | 'n Ander masjien word gebruik om die stroke in blokke te sny. |
| | Die klei word uitgegrawe. |
| | Die bakstene word in hope gepak en is gereed om verkoop te word. |
| | Die gedroogde stukke klei word in 'n steenoond gebak. |
| | 'n Masjien sny die kleimengsel in stroke. |
| | Die kleiblokke word gedroog. |

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# Rampe en wat ons moet doen: oorstromings



Ons lees


## Rampe

'n Ramp is iets wat skielik gebeur en ernstige gevolge vir mense en die natuur het. Dit kan baie sterftes en baie skade veroorsaak.

Baie rampe word deur natuurlike dinge soos wind en reën veroorsaak. 'n Voorbeeld hiervan is 'n vloed na baie swaar reën. Mense kan ook rampe veroorsaak. Byvoorbeeld, as 'n mens 'n kers heelnag laat brand, kan dit 'n brand veroorsaak.







Ons praat

Kyk na hierdie prente en gesels met jou maat daaroor.

Gesels oor wat jy in elke prent sien. Sê watter soort ramp in elke prent uitgebeeld word.

Jul onderwyser sal 'n lys van almal se antwoorde op die bord maak.

Voeg antwoorde wat van joune verskil, by die lys.

Datum: ..........................



**Ons lees** Lees die volgende koerantberig oor 'n vloedramp. Lees dit eers op jou eie. Sit daarna by jou maat, en dan lees julle elkeen een paragraaf hardop.

# Skielike oorstroming rampspoedig

Schmidtsburg | Saterdag | 14 Januarie 2011

Twaalf mense is gister op hierdie Noord-Kaapse dorp dood en 45 moes van dakke en uit bome gered word.

Die ramp het gebeur ná baie swaar reën wat Vrydag geval het. Dit het veel meer gereën as wat mense verwag het.

Dit was die ergste storm wat die dorp sedert 1985 beleef het. Twee mense is dood toe hulle 'n brug probeer oorsteek het en hul motors deur die stroom meegesleur is.

Noodpersoneel van die polisie, die brandweer en die weermag het mense gered. Die polisie probeer nog vasstel of al die slagoffers opgespoor kon word. Baie mense op die dorp het alles verloor. Huise in laagliggende gebiede wat te naby aan die rivier is, het die ergste skade opgedoen.



Sommige van die slagoffers het waarskuwings deur die polisie verontagsaam.

Baie mense het nie kos of klere nie. Hulle word nou in kerksale of by vriende en familie gehuisves.

Dit sal ses maande duur om alles te herstel en te herbou. Die burgemeester het gevra dat almal moet saamstaan.




**Ons skryf** Lees weer die koerantberig en beantwoord dan hierdie vrae.

In watter provinsie het die vloedramp plaasgevind?

Wanneer het dit begin reën?

Reën dit dikwels baie op hierdie dorp?

Waarom het baie mense nie kos nie?




54

Kwartaal 4 – Week 3–5

# Brand

Ons lees

'n Brand breek uit wanneer drie dinge aanwesig is:




- 'n materiaal wat kan brand, soos droë hout
- hitte soos die vlam van 'n aansteker of 'n vuurhoutjie
- die gas in die lug wat ons suurstof noem

Al drie dinge moet op dieselfde tyd teenwoordig wees. Het jy geweet dat 'n brand nie sonder suurstof kan aanhou brand nie?

Ons skryf

**Jou onderwyser sal 'n kers aansteek en dan 'n leë glas daaroor omkeer. Kyk wat gebeur.**



Waarom het dit gebeur? Skryf een sin in jou klaswerkboek.

Ons praat

**Werk saam met jou maat antwoorde op hierdie vrae uit:**

Jou onderwyser sal na al die antwoorde luister en besluit watter antwoorde die beste is.

Waarom het die kers se vlam doodgegaan? Jy sal die antwoord op hierdie vraag moet ken as jy ooit 'n brand moet blus. Waarom?

Ons praat

**Bespreek saam met die klas watter materiale aan die brand kan raak. Praat dan oor watter van hierdie dinge in jul huise voorkom. Watter boodskap kan jy nou saam met jou huis toe neem oor hoe om brande te voorkom?**

Datum: ..............................



Ons skryf

Skryf jou antwoorde in die oop spasies in die tabel.



| Waarom vuur vir ons belangrik is | |
|---|---|
| Wat vuur vir ons gee | Hoe ons dit kan gebruik |
| Hitte | Jou antwoord |
| | |
| Lig | Jou antwoord |
| | |



Ons lees

Gee jou boek vir jou onderwyser, sodat hy of sy na jou antwoorde kan kyk.





Soos vloedrampe kan vuurrampe ook baie skade en lewensverlies veroorsaak.

Veldbrande is soms 'n goeie ding, omdat hulle die omgewing skoonmaak. Maar slegte veldbrande kan plante vernietig en diere doodmaak. Dit veroorsaak ook gronderosie en lugbesoedeling.

Het jy geweeg dat 9 uit 10 brande (meer as 90%) deur nalatige mense veroorsaak word?

Ons moet almal leer hoe om brande te voorkom, en wat om te doen wanneer daar 'n kwaai brand is. Waardeur word die seun in die prent regs bedreig? Wat het hy verkeerd gedoen?

Ons doen
- Gebruik waskryt en teken 'n natuurramp (sonder mense) op 'n vel papier.
- Sny prente van mense uit tydskrifte uit en plak dit op jou prent in.

Ons speel
- Julle juffrou sal vir julle wys hoe om Vang die Draak se Stert te speel.



# Weerlig

Ons lees

Soms wanneer jy aan iets raak wat van metaal gemaak is, soos 'n deurraam, hoor jy 'n skerp klikgeluid en voel jy 'n ligte skok. Die rede daarvoor is dat elektrisiteit in jou liggaam opbou en na die metaalvoorwerp oorgedra word wanneer jy daaraan raak.





Die flitse wat ons tydens donderstorms sien, werk net so. Elektrisiteit bou in 'n wolk op en word oorgedra na 'n ander wolk (die prent hierbo) of na die aarde (die prent links).

Die harde klapgeluid wat jy na 'n weerligflits hoor, is soos die klikgeluid wanneer jy aan 'n metaalvoorwerp raak, maar baie harder.

Elke jaar word meer as 30 mense in Suid-Afrika deur weerlig gedood.



**Hier is drie reëls oor hoe om tydens 'n donderstorm veilig te bly.**



Wanneer jy in 'n donderstorm vasgevang word, onthou:

- Moenie onder 'n boom of naby 'n metaalheining skuiling soek nie.
- Moenie in 'n gat in die grond wegkruip of op die grond gaan lê nie.
- As jy in 'n rivier, 'n dam of 'n swembad is, klim dadelik uit!

Datum: ..............................



## Ons praat

Gesels met jou maat oor die prent. Sê waarom dit 'n gevaarlike situasie is om tydens 'n donderstorm in te wees.





## Ons doen



Kyk weer na die drie veiligheidsreëls vir donderstorms. Kies een van hulle.



Maak 'n plakkaat om mense te leer hoe om in 'n donderstorm veilig te bly. Jou plakkaat moet:

- woorde hê
- minstens twee verskillende teksture hê
- maklik verstaan kan word



## Ons beweeg



- Boots met jou liggaam die vorms van weerligflitse na. Soms is dit gevurk of het dit 'n getande voorkoms, en soms lyk dit soos 'n plaat lig. Bly 10 sekondes lank in hierdie posisie.
- Neem 'n ander weerligposisie in, en bly 20 sekondes lank in die posisie.
- Staan met jou gesig na jou maat, wat stadig verskillende weerligposisies sal inneem. Maak die posisies na asof jy 'n spieël is.
- Staan nou weer op jou eie, en beweeg jou liggaam vinnig asof jy weerligflitse is. Herhaal die bewegings.

Speel nou met 'n maat tennis.
Gebruik voorarmhoue en rughoue.




## Ons praat



Sou jy tydens 'n donderstorm veilig wees in 'n motor?

Kan weerlig dieselfde plek twee maal tref?
Bespreek hierdie vrae in julle klas.



# 56 Storms en sterk winde


**Ons lees** Lees Martie se storie oor 'n kwaai storm.

## My ergste belewenis

Groot, swart wolke het die hele dag lank saamgetrek. Die nuus oor die radio het ons gewaarsku dat sterk winde en gietende reën verwag word. Die polisie het by ons 'n draai gemaak en vir ons gesê wat ons tydens die storm moet doen.

Pa het sy flitslig, 'n draagbare radio en ons persoonlike dokumente in 'n plastieksak toegemaak. Ma het vir ons elkeen klere vir twee dae ingepak. Ouma het haar pille in 'n sakkie gesit wat sy om haar middel gedra het. Ons het waterbottels wat ons sou kon dra, volgemaak.

Pa het 'n groot tak van 'n boom wat oor ons huis gehang het, afgekap. Ons het die vensters toegemaak en Pa het kleefband oor die glasvensters geplak en selfs planke oor die vensters vasgespyker. Dit het donkerder geword en swaarder begin reën. Die wind het harder en harder geloei.



**Ons doen**
- Gebruik kokipenne of waskryt om 'n natuurramp met mense op 'n vel papier te teken. Laat sommige van die mense se liggaamsdele mekaar oorvleuel. Jou juffrou sal vir jou wys hoe om dit te teken.

**Ons beweeg**
- Julle juffrou sal vir julle leer hoe om minitennis te speel.

Datum: ..............................



Net toe die water by ons voordeur begin instroom, het munisipale werkers vir ons sandsakkies en swart sakke wat ons as reënjasse kon gebruik, gebring.

Ons was doodbang. Die dakplate het geratel en water het oral ingelek. Elke paar minute het iets op die dak neergestort.

Meteens was daar 'n harde skeurgeluid en 'n oorverdowende knal. Ons huis se dak was weg!

Ons het swart sakke oor ons koppe getrek en uit die huis uit gehardloop. Ons moes koes want die wind het voorwerpe deur die lug gewaai. Die lug was helder van weerligflitse. Ons het deur die modder na die gemeenskapsentrum toe gehardloop. Baie ander mense het reeds daar bymekaargekom.

Die volgende oggend het ons gesien hoeveel skade die storm veroorsaak het. Ons hoenders was nêrens te siene nie, en die arme koei het weggehardloop.

Die storm was 'n verskriklike ramp, en het skade in baie naburige dorpe aangerig. Ons was gelukkig dat ons nog geleef het.



**Ons praat** Die volgende woorde beskryf verskillende soorte storms:

| |
|---|
| Orkaan: 'n baie sterk wind wat ernstige skade aanrig |
| Sikloon: 'n wind wat om 'n kalm middelpunt draai |
| Tornado: 'n hewige warrelwind oor 'n klein area |

Watter van hierdie winde dink jy het Martie se gesin getref?

Hoe het die gesin hulle vir die storm voorberei?

Onderwyser:
Teken:
Datum:

# Aardbewings



Ons lees

'n Aardbewing gebeur wanneer 'n deel van die aardkors skielik skud of bewe.

Die skielike beweging laat golwe ontstaan wat deur die aardkors loop. Dit skud die grond en alles daarop – dit is wat ons kan voel en sien.

Aardbewings kan baie beserings en lewensverlies en ernstige skade aan geboue veroorsaak.



Ons lees

**Hier is 'n aantal interessante feite oor aardbewings. Sit in groepies van vier en maak beurte om die punte hardop te lees.**

- Ongeveer 10 000 mense sterf jaarliks in aardbewings.
- Agt uit elke 10 aardbewings vind in die omgewing van die Stille Oseaan plaas.
- Aardbewings onder die oseaan veroorsaak soms reusagtige seegolwe, wat tsunami's genoem word.
- Tsunami's beweeg baie vinnig oor die oseaan – party tot 960 km per uur. Party tsunami's word 15 meter hoog.
- Die ergste tsunami het op 26 Desember 2004 plaasgevind. Dit het 11 lande om die Indiese Oseaan getref.
- Op 11 Maart 2011 was daar nog 'n kwaai tsunami in Japan.
- Sterftes kan voorkom word as mense vir aardbewings beplan.



Hulle kan geboue ontwerp wat heen en weer wieg in plaas daarvan om te verbrokkel.

- Op 29 September 1969 het 'n sterk aardbewing Ceres, Tulbagh en Wolseley in die Wes-Kaap geskud.
- Sulke sterk aardbewings kom nie dikwels in Suid-Afrika voor nie.
- Durban, Pietermaritzburg en Kaapstad is Suid-Afrikaanse stede waar aardbewings soms voorkom.
- Sedert Februarie 2010 ondervind die Augrabies-streek in die Noord-Kaap 'n aantal klein aardbewings.
- Daar is 26 stasies in Suid-Afrika wat ons vroegtydig teen aardbewings waarsku.

Datum:...........................

Ons doen

Kyk na die wêreldkaart. Merk of skryf dan die volgende op die kaart:

1. Die oseaan waar die meeste aardbewings voorkom.
2. Die streek waar die ergste tsunami in Desember 2004 voorgekom het.
3. Die land wat op 11 Maart 2011 deur 'n tsunami getref is.
4. Die stad in die Wes-Kaap wat soms aardbewings ondervind.
5. Een van die stede in KwaZulu-Natal wat soms deur aardbewings getref word.
6. Die omgewing in die Noord-Kaap wat ligte aardbewings beleef.

Kleur die wêreldkaart in.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

# Diere wat ons help

Ons praat

Kyk na hierdie foto's. Hou 'n klasbespreking oor hoe hierdie diere ons help.













Ons lees

Lank gelede het mense dierevelle as kleding begin gebruik om hulleself teen die wind en koue te beskerm. Later het mense



ontdek dat hulle ook wol van skape en ander diere soos llamas kon gebruik om klere van te maak. Hierdie klere was ligter en warmer as die velle.



Datum: ..............................

Ons gebruik dierevelle om verskillende leerprodukte soos handsakke, beursies en skoene te maak. Ons kry ook vleis van diere. Maar baie mense eet nie vleis nie as gevolg van hul godsdiens of omdat hulle dink dat dit verkeerd is.





Duisende jare gelede was alle diere wild. Gaandeweg het diere soos honde, katte, skape, perde en beeste mak geword. Vandag kry ons verskillende dinge van plaasdiere.









Alle artikels wat hierdie simbool dra, is van suiwer wol gemaak.

Van sywurms kry ons sy, wat ons gebruik om die fynste, sagste weefstowwe te maak.





Onderwyser:

Teken:

Datum:

# Diere by wie ons kos kry: bye

Ons lees





Bye maak heuning en byewas en help boere om vrugte te produseer. Bye leef in gemeenskappe wat ons korwe noem. Sommige van die bye gaan elke dag uit om stuifmeel en nektar van blomme te versamel. Dan neem hulle dit terug na die byekorf. Die stuifmeel word vir die jong bye gevoer, en die nektar word in heuning omgesit om die volwasse bye te voed. Die bye berg die heuning en stuifmeel in 'n heuningkoek. Die heuningkoek word gemaak van was wat die bye self produseer.







Byeboere versamel die ekstra heuning wat die bye nie sal eet nie. Heuning is 'n baie gesonde kos, en ons eet dit op brood of saam met ons pap.



Ons gebruik byewas om allerhande soorte produkte te maak, soos die volgende:

- kerse
- vetkryte
- meubelpolitoer
- seep
- lipsalf en kosmetiese produkte
- waterdigting vir leer
- politoer vir leerprodukte soos skoene

Datum: ............................

Bye is vir ons ook baie belangrik. Terwyl hulle nektar en stuifmeel versamel, dra hulle die stuifm,eel van die een na die ander plant oor. So help hulle plante ontkiem. Omtrent 'n derde van die kos wat ons eet, is te danke aan bestuiwing deur bye en ander insekte. Daar is vandag baie minder bye as voorheen, as gevolg van siektes en die gebruik van plaagdoders. Pas op vir bye.



As hulle jou steek kan dit baie seer wees!




Is hierdie stellings waar of onwaar? Merk die korrekte blokkie met 'n regmerkie (✔). Jou onderwyser sal vir jou die antwoorde gee.

| | Waar | Onwaar |
|---|---|---|
| Bysteke is nie seer nie. | | |
| Wanneer werkbye na hul korwe vlieg, gooi hulle die stuifmeel weg. | | |
| Boere beroof bye van al hulle heuning. | | |
| Heuningbye het daaraan gewoond geraak om naby aan mense te leef. | | |
| Wanneer heuning in warm disse gebruik word, kan dit giftig wees. | | |
| Jy kan jou leerskoene met byewas blink maak. | | |
| Byewas kan nie leerskoene droog hou nie. | | |
| Heuning is bitter. | | |
| Daar kom al meer bye op aarde voor. | | |
| Bye eet heuning. | | |



# Diere by wie ons kos kry: hoenders

## Ons lees



Hoenders behoort aan 'n groep diere wat ons pluimvee noem.


Pluimvee is voëls wat gewoond geraak het aan mense. Dit sluit hoenders, kalkoene, duiwe en fisante, asook watervoëls soos eende en ganse in.

Ons kry eiers, vleis en vere van pluimvee.

In Suid-Afrika word ongeveer 950 miljoen hoenders elke jaar vir eiers en vleis geteel. Dit is byna 1 000 keer meer as al die Graad 3-leerders in Suid-Afrika.

## Ons praat

Kyk na hierdie prente en gesels daaroor. Watter pluimvee gee vir ons eiers wat baie van ons eet?



Datum: ..............................

## Ons skryf

Kyk na die prente en omkring al die kossoorte wat ons van hoenders kry. Kyk dan na die oorblywende kossoorte en sê van watter diere ons dit kry.














## Ons doen

Kies 'n pluimveesoort wat jy met papier-maché kan maak. Kyk na die verskillende kleure en vorms van die vere.




Kyk ook na die voël se lyf en die verskillende dele van sy lyf. Besluit wat jy wil beklemtoon.

## Ons beweeg

Onderwysersnota: Kyk bl. 63 in u KABV-dokument rakende kunselemente, ontwerpbeginsels en ruimtelike bewustheid.

- Strek jou uit soos 'n haan maak net voordat hy kraai.
- Klap en flap jou arms soos verskillende pluimvee.
- Loop soos verskillende pluimvee.
- Balanseer soos 'n voël op 'n heining.
- Verdeel in twee groepe. Die een groep is roofvoëls en die ander groep is kuikentjies. Die roofvoëls hardloop in groot, stormende sirkels met julle arms uitgestrek en probeer om die kuikentjies te vang. Die kuikentjies hardloop na die mammahen toe om weg te kruip. Ruil dan rolle om.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

# 61 Diere by wie ons kos en klere kry: beeste

Ons lees

Waar kom ons melk vandaan?




Weet jy hoe melk by ons huise uitkom?

Kom ons vind meer daaroor uit.

Ons praat Kyk na hierdie prente en gesels met jou maat daaroor.

## Hoe ons melk kry



Datum: ..............................

## Ons praat


Ons kry melk van koeie. Watter produkte kry ons nog van beeste? Deel jou lys met die klas.



## Ons doen

Teken in elke raam 'n produk wat van melk gemaak word. Skryf die naam van die produk onder elke prentjie wat jy teken.





Onderwyser:

Teken:

Datum:

# 62 Diere by wie ons kos en klere kry: skape

Ons lees

## Wol

Aan die einde van die winter het skape nie meer hulle dik woljasse nodig om hulle warm te hou nie. Daarom is dit die beste tyd om hulle wol te sny. Ons noem dit skeer. Ons gebruik die wol in baie soorte klere wat ons warm hou. Ons kan truie met wol brei, en ons kan wol weef om sagte, warm materiaal te maak. Daar is verskillende soorte wolskape. In Suid-Afrika kry ons veral die Merino, die Blinkhaar-ronderib-Afrikaner, die Dorper en die Dormer. Die foto's op hierdie bladsy wys vir jou hoe hulle lyk.



Die Merino is verreweg die grootste ras in Suid-Afrika.



Die Blinkhaar-ronderib-Afrikaner is 'n Suid-Afrikaanse ras. Hy bly selfs in moeilike omstandighede sterk en gesond.



Dorperskape word spesiaal in Suid-Afrika geteel.

Die Dormer word ook in Suid-Afrika geteel. Sy wol is taamlik grof.




Datum: ..............................

# Hoe ons wol kry

1. Die skape word met die hand of meganies geskeer.



2. Die wol word volgens gehalte en lengte gesorteer.



3. Die wol word in bale vasgedruk en verkoop.



4. Nou word die wol gewas om dit skoon te kry.



5. Wolskeersels word gewas om dit vir die spinproses voor te berei.



6. Gedurende die spinproses word die wol gerek en gevleg.



7. Die wol is gereed om geweef te word.



8. Nou word die wol gekleur.



9. Die wol word gebruik om 'n trui te brei.



10. Die trui word in 'n winkel verkoop.






**Ons praat**

Gesels met jou maat. Op watter ander maniere kan skape vir die mens van waarde wees?

**Ons beweeg**

- Julle juffrou sal vir julle wys hoe om minikrieket te speel.



# Diere wat vir ons werk: honde

Ons pas

Honde is ons troeteldiere en deel dikwels ons huise met ons. Maar hulle verrig ook ander belangrike take. Verbind elke hond met sy eienaar.



Polisiehonde help die polisie om misdadigers op te spoor.







Gidshonde help blindes om oor die weg te kom.










Skaaphonde maak seker dat al die skape bymekaar bly.



Waghonde help om ons teen misdadigers te beskerm.

Jaghonde help jagters om voëls of diere wat hulle geskiet het, te kry.



Datum: ............................




Ons doen | Maak 'n skaduprent van die mens se beste vriend: die hond.



## Jy het nodig:

- 2 velle papier in 2 verskillende kleure
- 'n skêr
- 'n potlood
- gom



- Teken op een van die velle papier 'n groot hond. Maak seker dat jy die hele oppervlak dek.
- Knip jou hond nou netjies en versigtig uit.
- Plak jou uitgeknipte hond op die ander vel papier.
- Teken vir jou hond oë, 'n snoet en 'n bek met tande.
- Versier jou prent soos jy graag wil. Onthou dat kleure soos swart op oranje, wat met mekaar kontrasteer, die beste vir 'n skaduprent werk.

Ons beweeg

- Hardloop op een plek en lig jou knieë so hoog as moontlik op.
- Hardloop 1 meter ver, stop, hop, hop en spring.
- Hardloop 2 meter ver, stop, hop, hop, spring, hop, hop en spring.
- Lê op jou rug. Trek al jou spiere 10 sekondes lank styf en ontspan 10 sekondes lank. Herhaal die oefening 3 keer.




64

Kwartaal 4 – Week 6–8

# Diere wat vir ons werk: donkies

Ons lees



Donkies help die mens al omtrent 6 000 jaar lank. Hulle het ons en ons swaar bagasie op hulle rûe gedra, ons lande omgeploeg en ons water gepomp.

Al hierdie dinge gebeur vandag nog. Daar is ongeveer 41 miljoen donkies dwarsoor die wêreld. Dit beteken dat elke skoolkind in Suid-Afrika 3 donkies sal kan hê.

Ons skryf

Kyk na die prente en skryf 'n sin waarvoor die donkie in elke prent gebruik word.













Birthday Wheel:

*Cut out the two circles and the wedge shape. Put the top and bottom together using a split pin. Write the birthdays of your family and friends in the correct months on the birthday wheel.*


*On the back you can write the months in your first language.*








Birthday Wheel:
Write the 12 months on the dotted white line.





Step 1: Cut all around on the black line

DEF

Step 2: Fold on the dotted line

OPQR

Step 3: Fold on the dotted line

Step 5: Cut off on the yellow line

ABC

Step 4: staple your book in the middle

STUV

KLMN

GHIJ

WXYZ

# My Telephone and Address Book



This book belongs to: